LAERSKOOL LORRAINE PRIMARY



PROSPEKTUS
PROSPECTUS

*Hartlik welkom by **LAERSKOOL LORRAINE**. Ons nooi u vriendelik uit om te deel in al ons aktiwiteite.*

Dit is ook ons opregte wens dat u `n baie aangename verbintenis met hierdie skool sal hê.

SKOOLHOOF EN PERSONEEL

*A hearty welcome to **LORRAINE PRIMARY SCHOOL**. We would like to invite you to share in all our activities.*

It is also our sincere wish that your association with our school will be a very happy one.

PRINCIPAL AND STAFF

INHOUD

	BLADSY
ONS MISSIE	4
ONS VISIE	4
SKOOLLIED	4
SKOOLWAPEN EN LEUSE	6
ONS SKOOL	6
BEHEERLIGGAAM	8
SKOOLGELD	8
DAAGLIKSE ROOSTER	10
KULTUUR	10
MEDIASENTRUM	10
REKENAARSENTRUM	12
ENTREPRENEURS	12
GRAAD R	14
NASORGSENTRUM	14
SKOOLKOERANT	16
SNOEPWINKEL	16
KLEREBANK	16
SPORT	18
SKOOLDRAG	20
SKOOLREëLS	22
GEDRAGSKODE	28

CONTENTS

	PAGE
OUR MISSION	5
OUR VISION	5
SCHOOL SONG	5
SCHOOL BADGE AND MOTTO	7
OUR SCHOOL	7
GOVERNING BODY	9
SCHOOL FEES	9
DAILY TIME-TABLE	11
CULTURAL ACTIVITIES	11
MEDIA CENTRE	11
COMPUTER CENTRE	13
ENTREPRENEURS	13
GRADE R	15
AFTER-CARE CENTRE	15
SCHOOL NEWSPAPER	17
TUCK SHOP	17
SCHOOL CLOTHING SHOP	17
SPORT	19
SCHOOL UNIFORM	21
SCHOOL RULES	23
CODE OF CONDUCT	29

ONS MISSIE

Die verskaffing van `n effektiewe, doeltreffende diens aan ons leerlinge en ouers om ons leerlinge te help om tot hul volle potensiaal te ontwikkel deur innoverende en doelgerigte opvoeding wat geskik is vir alle leerlinge en wat relevant tot hul leefwêreld is.

Erkenning van beide ouer en onderwyser(es) as deelgenote in die totale opvoedingsproses.

Om `n positiewe leerkultuur te vestig.

VISIE

`n Dinamies, effektiewe, self-moniterende, innoverende en goedbestuurde skoolsisteem wat `n goed-gebalanseerde, leerling-gesentreerde opvoeding van `n hoë kwaliteit verskaf, sodat alle leerlinge optimaal ontwikkel om hul voor te berei vir `n kompeterende samelewing.

SKOOLLIED

Die wêreld van kennis word hier oopgesluit
Beklee word ons met durf en moed
Vir vyande sal ons nie stuit
Hier word ons siel gevoed
Ons beloof altyd ons beste te gee
Vir skool en huis en kerk
Vir Vaderland en medemens
volhard, wees altyd sterk!
Laerskool Lorraine, ons wy u die nuwe lied
Laerskool Lorraine, wat die beste vir ons bied

Skrywer: Mnr. F. Labuschagne
Komponis: Reinette Ferreira

OUR MISSION

The provision of an effective, efficient, service to our pupils and parents in order to help our pupils to develop to their full potential by means of an innovative and purposeful education which is aimed at all pupils and which is relevant to their world.

Recognition of both parent and teacher as partners in the total educational process harmoniously and purposefully working as partners in education.

To establish a positive learning culture.

VISION

A dynamic, effective, self-monitoring, innovative and well-driven school system which provides a well balanced, top quality, pupil-centred education so that all pupils develop to their optimum in order to prepare for a competitive society.

SCHOOL SONG

We're thankful for golden opportunities
That we receive here every day
We fear no dangers or adversities
Our souls will never stray
Thus we promise love and loyalty
To school and home and Lord
To Fatherland and heritage
We'll strive with one accord
May our school Lorraine for evermore be blest
That's the name Lorraine, the school that we love best

Author: Mr F. Labuschagne
Composer: Reinette Ferreira



SKOOLWAPEN EN LEUSE



In blou `n skuinslinks geplaaste penveer van natuurlike kleur; oor alles heen `n skuinsbalk van oranje, gesoom met goud en daarop drie adelaars in vlug.

Die ontwerp van die skoolwapen is ontleen aan die wapen van die ou hertoë van Lotharingen (Ducs de Lorraine), `n provinsie in Frankryk.

Die skoolleuse **PERSEVERA** beteken **Deur Volharding.**

ONS SKOOL

Laerskool Lorraine is `n parallelmediumskool wat sy deure in 1944 geopen het, met mnr. J.G. Kilian as die eerste skoolhoof. In 1973 neem mnr. D.R.D. van Rooyen die leisels oor by mnr. Kilian tot en met sy aftrede in 1995. Mnr. C.R. van Schalkwyk, is in Januarie 1996 aangestel en het aan die einde van 2013 afgetree.
Mnr. J.J. Harmse is in Junie 2014 aangestel.

SCHOOL BADGE AND MOTTO



A blue badge with a quill feather in a neutral colour placed on it in a slanting position from bottom left to top right. Superimposed on this and lying diagonally in the opposite direction is an orange band, edged with gold on which there are three noble eagles in flight.

The design of the school badge is derived from the coat of arms of the old dukes of Lotharingen (Ducs de Lorraine), a province in France.

Our motto **PERSEVERA** means **Through Perseverance.**

OUR SCHOOL

Lorraine Primary School is a parallel medium school which opened its doors in 1944 with Mr J.G. Kilian being the first principal.
Mr D.R.D. van Rooyen was appointed in 1973 and retired in 1995.
Mr C.R. van Schalkwyk, was appointed in January 1996 and retired at the end of 2013. Mr J.J. Harmse was appointed in June 2014.

BEHEERLIGGAAM

Die Beheerliggaam bestaan uit 11 lede wat elke drie jaar verkies word. Die samestelling is as volg:

- Die Skoolhoof
- 6 lede van die ouergemeenskap
- 3 lede van die onderwyspersoneel
- 1 lid van die administratiewe personeel

Die belangrikste funksies van die Beheerliggaam:

1. Algemene toesighouding oor die skool, geboue, gronde en leerlinge.

2. Beheer oor die skoolgelde.

3. Ondersteun die skoolhoof en personeel in die uitvoering van hul professionele take.

4. Maak aanbevelings in verband met die aanstelling van personeel.

5. Bevorder die belange van die skool.

SKOOLGELD

1. **Skoolgeld** is verpligtend en elke ouer is verantwoordelik vir die betaling van sy/haar kind(ers) se skoolgeld.

2. **Skryfboeke** word deur die boekkamer aan u beskikbaar gestel. Pryse word jaarliks hersien.

GOVERNING BODY

The Governing Body consists of 11 members who are elected every three years. They are:

- the Principal
- 6 members of the parent body
- 3 members of the teaching staff
- 1 member of the administrative staff

The most important functions of the Governing Body:

1. general supervision of the well-being of the school, its buildings, grounds and pupils.

2. control of the school funds.

3. supports the principal and staff of the school in the performance of their professional functions.

4. make recommendations in connection with the appointment of staff members.

5. promote the best interests of the school.

SCHOOL FEES

1. **School fees** are compulsory and each parent is responsible for the payment of his/her child's school fees.

2. **Exercise Books** are available to parents through the bookroom. Prices are reviewed annually.

DAAGLIKSE ROOSTER



Die skool begin om 08:00 en sluit om 13:00 vir die gr. R, gr. 1 en gr. 2 leerlinge en om 14:00 vir die leerlinge in gr. 3 - 7. Eerste pouse is vanaf 10:00 - 10:20 en tweede pouse vanaf 12:00 - 12:20. Op Vrydae sluit die skool om 12:50. Daar is nie 'n tweede pouse op Vrydae nie.

Sport begin net na skool. `n Sportrooster word aan die begin van die somerkwartaal en weer aan die begin van die winterkwartaal aan leerlinge uitgereik.

KULTUUR

Junior koor	Senior koor	Blaasorkes
"Out of the Box"	Entrepreneurs	Kunsklub
Redenaars	Kunsfees	Spelkompetisies

Individuele onderrig in klavier, blokfluit, dwarsfluit, klarinet, koperblaas- en perkussie-instrumente.

MEDIASENTRUM

Ons beskik oor 'n ten volle toegeruste mediasentrum met 'n wye verskeidenheid inligting vir leerlinge in 'n primêre skool.

Ons is trots op ons uitstekende verskeidenheid van die nuutste fiksie boeke wat aangekoop word sodra voorraad in Port Elizabeth beskikbaar is.

Media monitors word gekies op grond van hul eerlike belangstelling in boeke.

Dit is vir ons belangrik dat die liefde vir lees reeds van 'n baie vroeë ouderdom by ons leerlinge gekweek word.

DAILY TIME-TABLE

The school starts at 08:00 and closes at 13:00 for the Grade R, Grade 1 and 2 pupils, and at 14:00 for the Grade 3 - 7 pupils. First break is from 10:00 - 10:20 and second break from 12:00 - 12:20. On Fridays the school closes at 12:50. There is no second break on Fridays.

Sport commences straight after school. A sports time-table is handed out to pupils at the beginning of the summer season and again at the start of the winter season.

CULTURAL ACTIVITIES

Junior Choir	Senior Choir	Wind Band
"Out of the Box"	Art Club	Orators
Arts Festival	Spelling Bee	

Individual tuition in piano, recorder, flute, clarinet, brass and percussion instruments.

MEDIA CENTRE

We have a fully equipped media centre covering a wide range of information for pupils in a primary school.

We pride ourselves by having a wonderful selection of books with the latest titles being purchased as soon as stock becomes available in Port Elizabeth.

Media monitors are chosen on the basis of their genuine interest in books.

The love of reading needs to be instilled in all pupils from a very early age.

REKENAARSENTRUM

Die skool bied rekenaarklasse aan vanaf Graad 1 tot 7. Die lesse is daarop gemik om die leerlinge se algemene rekenaar kennis verder te ontwikkel om nie slegs vir hulle die gebruik van rekenaars aan te leer nie. Onderwerpe wat onderrig word:

- Microsoft Office Application insluitend: Word, PowerPoint, Excel en Outlook.
- Operating System Management en hantering van daaglikse take.
- Hardeware en Sagteware
- Internet gebruik en veiligheid
- Opvoedkundige programme – tikprogramme, Wiskundige/perseptuele programme.
- Praktiese rekenaarvaardighede bv. Virusverwydering, ondersoek en herstel, installasie en opstel van hardeware, sagteware, peripherals, drivers en meer.

ENTREPRENEURS

Lidmaatskap is oop vir enige graad 5 – 7-leerlinge. By sekere geleenthede word markdae gehou. Die doelwit is om die klublede te leer om vir hulself te werk, hul eie geld te verdien, te spaar en om kreatief en kompeterend in die besigheidswêreld te wees. Hulle leer ook om sukses en mislukking te hanteer. Markdae word voor spesiale geleenthede, bv. Moedersdag gehou.

COMPUTER CENTRE

The school provides computer lessons from Grade 1 – 7. These lessons are progressive and aimed to not only equip pupils for daily computer usage, but to also broaden their computer knowledge in general. Classes comprise of the following topics -

- Microsoft Office Application including: Word, PowerPoint, Excel and Outlook
- Operating System Management and completing of everyday tasks.
- Hardware and software
- Internet browsing and e-safety
- Educational programmes such as typing programmes and Mathematical/perceptual programmes
- Practical computer application i.e. virus removal, diagnostic and repair, installing and setting up of hardware, peripherals and drivers.



ENTREPRENEURS

Membership is open for any Grade 5 - 7 pupils. Market days are held for special occasions e.g. Mother's Day. The aim is to teach the members of the club to work for themselves, to earn their own money, to save money and to be creative. They also learn to deal with success and failure.

GRAAD R



`n Deeglike beplande daaglikse roetine wat die volgende insluit, word gevolg: `n oggendkring met `n Bybelstorie en `n bespreking van die tema van die week, skeppende aktiwiteite, musiek, beweging en vryspel. Uitstappies wat met die tema korreleer, word gereeld onderneem. Daar word deurentyd gepoog om leerlinge te lei om vaardighede vir graad 1 te bemeester.

NASORGSENTRUM

Daar is `n nasorgsentrum op die skoolperseel waar graad 4 tot 7 leerlinge hul huiswerk in die studielokaal kan doen. Grondslagfase (Gr. 1 – 3) leerlinge se huiswerk word met behulp van die nasorgdames gedoen. Hulle geniet storietyd, om DVD's te kyk, in te kleur en buite te speel. Die sentrum is Maandae tot Vrydae oop vanaf 13:00 - 17:30.



GRADE R

A thoroughly planned daily routine is followed. It includes a morning ring with a Bible story and a discussion about the theme of the week, creative activities, music, movement and free play. Pupils regularly go on theme correlated excursions. Pupils are continually led to master the skills necessary for Grade 1.

AFTER-CARE CENTRE

There is an After-care situated on the school premises where Grade 4 to 7 pupils can complete their homework in the study area. The Foundation Phase (Gr. 1 – 3) pupils do homework under the supervision of the After-care ladies. The pupils enjoy storytime, watching DVDs, colouring in and playing outside. The centre is open Monday to Fridays from 13:00 - 17:30.

SKOOLKOERANT

Ons skoolkoerant, Die Kiewietjie, wie se redaksie uit onderwysers bestaan, verskyn jaarliks. Dit bestaan uit 'n fotoblad met nuusgebeure wat skoolaktiwiteite weerspieël.

SNOEPWINKEL

Standaard items soos skyfies, lekkers en koeldrank word te koop aangebied terwyl daar elke dag warm versnaperings voorberei word.

Ure	:	Voor skool	:	07:45 - 08:00
		Eerste en tweede pouse		
		Na skool	:	14:00 - 14:15

KLEREBANK

Die skool bedryf `n ruilwinkel waar ouers tweedehandse skooldrag kan bekom. Ouers word ook aangemoedig om kledingstukke wat te klein geword het, of nie meer benodig word nie, aan die ruilwinkel te skenk of dit deur die ruilwinkel te verkoop.

Ure gedurende die skoolkwartaal:

Maandae	:	14:00 - 14:30
Donderdae	:	07:30 - 08:00

SCHOOL NEWSPAPER

Our school newspaper, "The Kiewietjie" whose editorial comprises of teachers, appears annually. It contains a selection of photographs with an overview of school activities and happenings.



TUCK SHOP

Standard fare like chips, sweets and cold drinks are on offer and hot snacks are prepared daily.

Hours : Before school : 07:45 - 08:00
First and second break
After school : 14:00 - 14:15

SCHOOL CLOTHING SHOP

The school runs a clothing shop where parents can obtain second hand clothing for their children. Parents are also encouraged to donate articles of school clothing to the shop or to sell them through the clothing shop.

Hours during the school term:

Mondays : 14:00 - 14:30
Thursdays : 07:30 - 08:00

SPORT

SEUNS	MEISIES
Atletiek	Atletiek
Fietsry	Fietsry
Hokkie	Hokkie
Krieket	Landloop
Landloop	Mini-Hokkie
Mini-Krieket	Mini-Tennis
Mini-Tennis	Netbal
Rugby	Skaak
Skaak	Swem
Swem	Tennis
Tennis	Tweekamp
Tweekamp	

Professionele afrigting in sekere sportsoorte word ook aangebied.

Daar is 'n somersportrooster vir die 1ste en 4de kwartaal en 'n wintersportrooster vir die 2de en 3de kwartaal.

Erkenning en balkies word toegeken aan enige leerling vir Provinsiale verteenwoordiging.

SPORTKLERE

Soos bepaal deur die betrokke sportkode.

SPORT

BOYS	GIRLS
Athletics	Athletics
Biathlon	Biathlon
Chess	Chess
Cricket	Cross Country
Cross Country	Cycling
Cycling	Hockey
Hockey	Mini-Hockey
Mini-Cricket	Mini-Tennis
Mini-Tennis	Netball
Rugby	Swimming
Swimming	Tennis
Tennis	

Professional coaching in certain sports is also available.

There is a summer sport timetable for the 1st and 4th term and a winter sport timetable for the 2nd and 3rd term.

Recognition and scrolls are awarded to pupils who earn Provincial colours.

SPORTS' CLOTHES

As determined by the sporting code.

SKOOLDRAG

Verskaffers: Schultz Uitrusters, Weststraat, Newtonpark
Birch's, 2de Laan, Newtonpark
Skoolsweetpakke en sporthemde is ook by die skool beskikbaar

Seuns	**Meisies**
Somer (Kwartaal 1 en 4)	
Wit kortmouhemp met sakwapen	Lorraine-skoolrok
(Sakwapen by skool beskikbaar)	Swart skoene
Grys kort– of langbroek	Kort wit kouse
Grys Lorraine-skoolkouse	Blou Lorraine- skoolbroekie
Swart skoene	Lorraine-skooltrui
Lorraine-skooltrui	Lorraine-skoolbaadjie
Lorraine-skoolbaadjie	
Winter (Kwartaal 2 en 3)	
Wit toeknoophemp	Lorraine-skoolrok
Lorraine-skooldas	Swart skoene
Grys kort- of langbroek	Blou Lorraine-skoolbroekie
Grys Lorraine-skoolkouse	Lorraine-skoolbaadjie
Swart skoolskoene	Lorraine-skooltrui
Lorraine-skoolbaadjie	Grys Lorraine-skoolkouse
Lorraine-skooltrui	of grys broekiekouse
L.O.	
Lorraine-sporthemp	Lorraine-sporthemp
Wit broek	Wit broek
Lorraine-sweetpak	Lorraine-sweetpak

Die skoolbaadjie is verpligtend en moet tydens saalbyeenkomste gedurende die winter gedra word.

Om te voorkom dat klere verlore raak, is dit noodsaaklik dat elke kledingstuk duidelik gemerk is. Ouers/voogde moet toesien dat hul kinders volgens die voorgeskrewe skooldrag geklee is wanneer hulle skool toe gaan.

SCHOOL UNIFORM

Suppliers: Schultz Outfitters, West Street, Newton Park
Birch's, 2nd Avenue, Newton Park
School tracksuits and sports shirts are also available at the school

Boys	**Girls**
Summer (Term 1 and 4)	
White short sleeved shirt with badge (Pocket badge available at school)	Lorraine school dress
Grey trousers or shorts	Black shoes
Grey Lorraine school socks	White socks
Black school shoes	Blue school panties
Lorraine school blazer	Lorraine school blazer
Lorraine school jersey	Lorraine school cardigan
Winter (Term 3 and 4)	
White long sleeved shirt	Lorraine school dress
School tie	Black shoes
Grey trousers or shorts	Blue school panties
Lorraine school socks	School blazer
Black school shoes	School jersey
Lorraine school blazer	Grey Lorraine school socks
Lorraine school jersey	or grey tights
Phys. Ed.	
Lorraine sports shirt	Lorraine sports shirt
White shorts	White shorts
Lorraine Tracksuit	Lorraine Tracksuit

The school blazer is compulsory and has to be worn at Assembly during winter.

To prevent the loss of clothing, it is imperative that each item of school clothing is clearly marked. Parents/guardians are to ensure that their child/ren are correctly dressed as detailed above when attending school.

SKOOLREëLS

Dissipline is `n onontbeerlike bestanddeel vir die gesonde funksionering van die skool en vir die beskerming van die individu. Elke leerling is onderhewig aan die skoolreëls en moet daarby hou. Dit is noodsaaklik dat ons die heelhartige ondersteuning en samewerking van ouers in hierdie verband het, in belang van die skool en u eie kind.

Skoolreëls geld terwyl leerlinge op die skoolgrond is, of in hul uniform weg van die skool af is en wanneer hulle die skool verteenwoordig, hetsy tuis of weg.

1. Kleredrag en voorkoms

1.1 Skooldrag: Raadpleeg Prospektus

1.2 Sportdrag: Soos deur sportkode bepaal

1.3 Voorkoms

1.3.1 Hare moet te alle tye netjies versorg wees en nie aandag trek nie. Op "Civvie-dae" moet dogters met lang hare verseker dat hul hare vasgemaak is.

1.3.1.1 Leerlinge mag nie hul hare kleur, bleik, tint, "highlight", ens. nie. Die haarbeleid is beskikbaar.

1.3.2 Geen naellak of grimering nie.

1.3.3 Naels mag nie verby vingerpunte wees nie.

1.3.4 Meisies mag slegs EEN stel klein oorringetjies of "studs" (goud of silwer) dra. (Onderste lel)

1.3.5 Alle haarbykomstighede (haarbande "alice bands" en rekkies) moet koningsblou ("royal blue") wees.

1.3.6 Seuns mag nie oorbelle/ "studs" dra nie.

1.3.7 Geen juweliersware – slegs horlosies en mediese ketting.

1.3.8 Meisies se rokke moet 'n aanvaarbare lengte wees.

SCHOOL RULES

Discipline is essential for the general well-being and tone of the school and for the protection of the individual. Each pupil is subject to and must abide by the set of school rules. It is imperative that in this regard we have the wholehearted support and co-operation of parents, both in the general interests of the school and, more particularly , in their own children's interests .

School rules apply while pupils are on the school property, if they are in school uniform away from school and when pupils are representing the school, whether home or away.

1. Dress Code and Appearance

1.1 School uniform Consult Prospectus

1.2 Sports uniform As defined by the sporting code

1.3 Appearance

1.3.1 At all times hair must be well cared for and not attract attention. On "Civvie Days", the girls who have long hair must ensure that it is tied up.

1.3.1.1 It may not be tinted, highlighted, dyed, peroxided etc. Hair Policy is available.

1.3.2 No nail polish or make-up.

1.3.3 Nails may not be longer than the fingertips.

1.3.4 Girls may only wear ONE pair of small sleepers or studs (gold or silver). (Lower lobe)

1.3.5 All hair accessories must be royal blue. (Alice Bands and elastics)

1.3.6 Boys may not wear earrings/"studs".

1.3.7 No jewellery – only watches and medical chains.

1.3.8 Girls' dresses should be of an acceptable length.

2. Gedrag

2.1 Rye, gange en skoolgebou

2.1.1 Eerste klok - beweeg na rye
Tweede klok - geen gepraat

2.1.2 Leerlinge moet te alle tye in reguit rye stap.

2.1.3 Leerlinge mag nie in skoolgebou hardloop nie en mag ook nie trappe op- of afhardloop nie.

2.1.4 Geen leerlinge mag in die saal wees sonder die toestemming of aanwesigheid van 'n leerkrag nie.

2.1.5 Leerlinge mag slegs die hoofingang gebruik indien hulle deur 'n ouer of onderwyser(es) vergesel word. Die skolier-patrollie mag wel die hoofingang gebruik.

2.1.6 Leerlinge moet voorkeur aan volwassenes verleen by deure.

2.2 Skoolterrein

Die volgende is verbode:

2.2.1 Boom- of muurklim

2.2.2 Rommelstrooi

2.2.3 Oor drade of hekke klim/onderdeur drade of hekke kruip

2.2.4 Fietsry of skaatsplankry

2.2.5 Tussen motors speel

2.2.6 Gevaarlike speletjies (Geen harde balle)

2.2.7 Geen leerlinge word oor naweke of gedurende vakansies op die skoolterrein toegelaat nie.

2.2.8 Leerlinge mag nie die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie.

2.2.9 Gr. 1 - 7 leerlinge mag nie op die Graad R-apparaat speel nie.

2.2.10 Leerlinge mag nie skoolskoene op tennis- en netbalbane dra nie.

2.2.11 Swembadarea is verbode sonder enige volwasse toesig.

2.2.12 Geen Gr. 2-7 leerlinge mag by die Gr. 1-speelarea speel nie.

2.2.13 Geen leerling mag voor/na skool op die Gr. 1-apparate speel nie

2. Behaviour

2.1 Lines, passages and school buildings

2.1.1 First bell - move to lines
Second bell - no talking

2.1.2 Pupils must walk in straight lines at all times.
2.1.3 Pupils may neither run in the school building nor run up or down the stairs.
2.1.4 No pupils may go into the hall without the permission of a teacher.
2.1.5 No pupil may use the front entrance (except scholar patrol) unless accompanied by a parent or teacher.
2.1.6 Pupils must stand back at doors for adults.

2.2 School grounds

The following are prohibited

2.2.1 Climbing trees and walls
2.2.2 Littering
2.2.3 Climbing over/under fences or gates
2.2.4 Riding bicycles or skateboarding
2.2.5 Playing in between the cars
2.2.6 Dangerous games (no hard balls)
2.2.7 No pupils are allowed on the school grounds over weekends or during holidays.
2.2.8 No pupils are permitted to leave the school grounds without permission.
2.2.9 No playing on Grade R apparatus by any pupils from Gr. 1 - 7.
2.2.10 No school shoes to be worn on tennis/netball courts.
2.2.11 The swimming pool area is prohibited without adult supervision.
2.2.12 No playing in the Gr. 1 playground by Grade 2 – 7 pupils.
2.2.13 No playing before or after school on the Gr. 1 apparatus (Jungle Gym)

3. Algemeen

3.1 **Geen selfone of elektroniese tegnologie word by die skool toegelaat nie, selfs al is dit afgeskakel.**

3.2 Speelgoed, diere ens. moet nie skool toe gebring word nie.

3.3 Oneerlikheid in enige vorm sal nie geduld word nie.

3.4 Rook, alkohol en dwelms is verbode.

3.5 Parmantigheid, arrogansie of onhoflikheid teenoor administratiewe personeel, personeel of skoolleiers sal nie geduld word nie.

3.6 Kougom is verbode.

3.7 Vuil- of krastaal is ontoelaatbaar.

3.8 Bakleiery, klipgooi en afknouery word in 'n ernstige lig beskou.

3.9 Die sweetpakbaadjie is NIE deel van die skooluniform nie, en mag onder geen omstandighede in die plek van die skoolbaadjie of -trui gedra word nie.
OP-Verteenwoordigers mag hul OP-klere skool toe dra op die laaste Vrydag van elke maand.

3.10 Hardloopskoene is NIE deel van die skooluniform nie en mag onder geen omstandighede saam met die skooluniform gedra word nie.

3. General

3.1 **No cellphones or electronic technology is allowed at school, even if they are switched off.**

3.2 Toys, animals etc. must not be brought to school.

3.3 Dishonesty in any form will not be tolerated.

3.4 Smoking, alcohol and drugs are prohibited.

3.5 Cheek (insolence), arrogance or discourtesy towards administrative staff, teachers or school leaders will not be tolerated.

3.6 Chewing gum is forbidden.

3.7 Dirty or bad language is not permitted.

3.8 Fighting and bullying are all seen as very serious offences.

3.9 The tracksuit top is NOT part of the school uniform and under NO circumstances may it replace the school blazer or jersey. EP Representatives may wear EP clothing on the last Friday of a month.

3.10 Running/sports shoes are NOT part of the school uniform and under NO circumstances may they be worn together with the school uniform.

GEDRAGSKODE

Terwyl die klem te alle tye op selfdissipline val, bestaan daar reëls en regulasies om die hoogste moontlike standaarde aan te moedig.

1. BAIE ERNSTIGE oortredings

1.1 Ernstige afknouery/bakleiery
1.2 Rook, of in besit van sigarette, dwelms, alkohol, of onder die invloed van alkohol
1.3 Seksuele teistering
1.4 In besit of gebruik van 'n wapen
1.5 In besit van pornografiese materiaal
1.6 Diefstal
1.7 Oneerlikheid gedurende toetse/eksamen
1.8 Vandalisme van skool of ander eiendom
1.9 Enige ander ernstige oortredings
1.10 Gekleurde/getinte hare, onaanvaarbare haarstyle

2. ERNSTIGE oortredings

2.1 Toon nie respek teenoor mede-leerling nie. Verneder ander leerling. Rassistiese opmerkings
2.2 Steurend in klas
2.3 Spoeg/"pea shooting"
2.4 Skending/ontsiering van skooleiendom
2.5 Stokkiesdraai: klasse/skool
2.6 In besit van selfone, ens.
2.7 Swak gedrag/sportmangees na skool
2.8 Gooi of skiet van voorwerpe, bv. klippe
2.9 Vloek/kras taalgebruik
2.10 Minagting van gesag
2.11 Oneerlikheid/leuens
2.12 Swak gesindheid, terugpratery, parmantigheid, respekteer, ongehoorsaamheid teenoor volwassenes
2.13 Swak gedrag in toilette

CODE OF CONDUCT

While the emphasis falls on self-discipline at all times, rules and regulations exist so as to encourage standards of the highest order.

1. VERY SERIOUS offences

1.1 Bullying/fighting
1.2 Smoking or in possession of cigarettes, drugs, alcohol, or being under the influence of alcohol
1.3 Sexual harassment
1.4 In possession of any weapon/or using a weapon
1.5 In possession of any pornographic material
1.6 Theft
1.7 Dishonesty/cheating during tests or examinations
1.8 Vandalism of school and other property
1.9 Any other serious offences
1.10 Dyed/streaked hair, unacceptable hairstyles

2. SERIOUS offences

2.1 Showing disrespect towards fellow pupils/humiliating pupils/racial comments
2.2 Disruptive in class
2.3 Spitting/pea shooting
2.4 Defacing of school property
2.5 Bunking classes/school
2.6 In possession of cell phones etc.
2.7 Improper conduct after school/bad sportmanship
2.8 Throwing objects e.g. stones of using catties/elastics
2.9 Swearing/bad language
2.10 Undermining authority
2.11 Dishonesty/lies
2.12 Bad attitude, insolence, or showing arrogance, back chatting, disrespect, disobedience towards adults
2.13 Poor behaviour in the toilets

Straat– en Posadres:

Meuselaan
Lorraine
Port Elizabeth
6070

Telefoon/Telephone:

(041) 367-1115
(041) 367-1125

Street and Postal Address:

Meuse Avenue
Lorraine
Port Elizabeth
6070

E-pos/E-mail:

info@lorraineschool.co.za

Webtuiste/Website:

www.lorraineschool.co.za